BELEID: KAAP AGULHAS GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSFONDS

1. **Doel van die Fonds**:

Die doel is om eksterne fondse te genereer en/of skenkings te ontvang wat binne die regsgebied van Kaap Agulhas aangewend kan word vir:

(a) hulpverlening tydens nood-/ramptoestande;
(b) bystand te verleen ter verligting/verbetering van behoeftige en maatskaplike probleme;
(c) ontwikkeling/uitbreiding/instandhouding van geboue/terreine wat aan diens- en liefdadigheidsorganisasies behoort en/of bestuur word;
(d) toekennings aan tehuise en welsynsinrigtings om die lewensgehalte van die inwoners te verbeter en aangenaam te maak;
(e) meriete-toekennings aan individue/organisasies vir besondere prestasies behaal;
(f) toekennings aan individue/instansies ter bevordering van sport-/kulturele aangeleenthede;
(g) enige ander verdienstelike geval/omstandighede volgens die oordeel en diskresie van die **Trustees**; en
(h) bydraes aan ramp-/noodlenigingsfondse wat deur Burgemeesters van ander munisipaliteite gestig word.

Toekennings/hulpverlening is te alle tye daaraan onderhewig dat voldoende kontant in die Fonds beskikbaar is om sodanige toekenning/hulpverlening te finansier.

2. **Bydraes tot die Fonds:**

Gelde sal ingesamel word deur middel van ‘n verskeidenheid van insamelingspogings/-veldtogte soos van tyd tot tyd geïnisieer word deur die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en/of die Raad.

3. **Trustees van die Fonds**:

Die Uitvoerende Burgemeester en die Uitvoerende Burgemeesterskomitee sal optree as **Trustees** van die Fonds.

Die Uitvoerende Burgemeester, of in sy/haar afwesigheid die Uitvoerende Onderburgemeester, sal optree as voorsitter van die **Trustees**.

Die **Trustees** sal volgens hul eie diskresie toekennings, in kontant of in natura, kan maak by wyse van ‘n genotuleerde besluit van die **Trustees** in ooreenstemming met die doelstellings soos vervat in paragraaf 1 hierbo.

In noodgevalle soos uiteengesit in paragraaf 1 hierbo, sal die Uitvoerende Burgemeester, of in sy/haar afwesigheid die Uitvoerende Onderburgemeester, gemagtig wees om ‘n dringende toekenning(s) te maak, onderhewig daaraan dat sodanige toekenning(s) binne veertien (14) dae daarna, deur die **Trustees** bekragtig word by wyse van ‘n genotuleerde besluit.

4. **Rekordhouding**:

Volledige rekeningkundige rekords sal in die Raad se rekords bygehou en geboekstaaf word, en

(a) die Fonds sal in die Raad se boeke as ‘n Trustfonds geklassifiseer word en bekend staan as die ***“Kaap Agulhas Gemeenskapsontwikkelingsfonds”***;

(b) alle gelde ingesamel ten bate van die Fonds, sal by die Munisipale kantore inbetaal word op ‘n toepaslik gespesifiseerde posnommer.

(c) alle uitbetalings, ongeag die aard daarvan, sal uitbetaal word deur middel van ‘n raadstjek en gedebiteer word teen ‘n toepaslik gespesifiseerde posnommer;

(d) enige uitbetaling met betrekking tot toekennings en/of hulpverlening soos uiteengesit in paragraaf 1 hierbo, sal deur die Munisipaliteit gedoen word by ontvangs van ‘n gedetailleerde skriftelike opdrag onder die hand van die Munisipale Bestuurder, of in sy afwesigheid, sy skriftelik gedelegeerde;

(e) onaangewende en opgelope kapitaal in die Fonds sal deur die Munisipaliteit belê en die rente-opbrengs sal gekapitaliseer word tot voordeel van die Fonds.

5. **Verslagdoening**:

Die stand van die Fonds sal jaarliks in die Raad se finansiële state gereflekteer word en die finansiële rekords van die Fonds sal onderhewig wees aan die jaarlikse ouditering van die Raad se rekeningkundige rekords deur die Ouditeur-Generaal.

Die Voorsitter van die **Trustees** van die Fonds sal jaarliks na 30 Junie van elke jaar, by wyse van ‘n artikel in die eersvolgende munisipale nuusbrief, aan die gemeenskap verslag doen oor gelde ingesamel gedurende die boekjaar, gelde gespandeer vir hulpverlening/toekennings gemaak gedurende die jaar ooreenkomstig paragraaf 1 hierbo en die stand van die Fonds soos op 30 Junie van elke jaar.

{UBK en Raadsbesluit 25/11/2003}
{Gewysig per raadsbesluit 69/2007 gedateer 24/04/2007}.